

20 Januarie

**Skrifgedeelte: Romeine 11:11-24**  
**Fokusgedeelte: Romeine 11:17-24**  
**HK, Vraag 20**

### **Salig omdat ek in Christus ingelyf is**

Om 'n wilde olyftak op 'n mak olyfstam te ent! 'n Plantkweker sal sê dat dit gewoonlik andersom werk: 'n mak tak word op 'n wilde stam ingeënt. God gaan as 't ware teen die natuur in om vir ons duidelik te sê dat ons saligheid nie ons eie werk is nie. Ons kan niks vir onself opeis nie. Dit het die HK met sy vraag reeds goed raakgesien: “Word alle mense .... salig ... soos hulle verlore gegaan het?” Die mens het self verlore gegaan, maar maak hom/haar nie self salig nie. Daarvoor is inenting nodig deur God wat teen die natuur inent. Ons saligheid kom wel deur geloof, maar vereis bonatuurlike aksie – God se aksie. Wie deur God in Christus ingeënt is, kry deel aan die sap van die mak olyf. Dit beteken om deel te kry aan al God se beloftes, in die besonder deel te kry aan die Vervuller van die beloftes.

Omdat ons ingeënt is, kan daar by ons iets gebeur. Wanneer 'n tak ingeënt is, reageer dit op die lewensap van die wortel van die stam. Dit begin groei, dit blom en dra vrug. Hierdie groei is die aanneem van Christus se weldade om dan te blom en vrug te dra.

As my enigste troos is dat ek aan Christus behoort, mag my inenting deur God miskien teen die natuur wees. Maar dit is 'n nog groter troos dat ek juis in my Eienaar en Saligmaker ingelyf is.

*Sing: Psalm 92:6, 7 (1936-beryming)*

*Ds. CA Jansen (Welkom-Noord)*